

- 1) PRAAT BIETJIE HIEROOR: Vandag is Hervormingsdag, waar ons besef dat ons destyds weggebreek het uit 'n kerk wat geleer het dat jy kon sorg dat jou sondes vergewe word deur boetedoening, deur jou dade, en deur geld aan die kerk te betaal sodat die priester jou jou sondes kan vergewe. **HET ONS HIERDIE SIENING REGTIG AGTERGELAAT, OF BEOEFEN ONS DIT MAAR NOG STEEDS IN VERSKUILDE GEWAAD?**
- 2) PRAAT SAAM: Is dit maar net 'n vervelige stuk geskiedenis vir ons, of besef ons nog hoe bevoorreg ons is dat die Here destyds mense soos Luther en Calvyn gebruik het, sodat ons nou in 'n kerk kan wees wat leer, soos die Bybel sê, dat ons in Jesus moet glo vir vergifnis, en dat Hy alles wat nodig is, eenmalig, volkome, gedoen het vir ons.

Agv die Hervorming hou ons vas aan: die Woord alleen, Jesus alleen, genade alleen, geloof alleen. DANK DIE HERE SAAM AS GROEP dat ons die voorreg het om aan hierdie waarhede te kan vashou, en vra Hom om ons as kerk te help om voortdurend, aan die hand van Sy Woord, te hervorm.

- 3) Lees 1 Joh 3:16, en 1 Kor 13 hardop in groep. BY JOUSELF: wat hier genoem oor liefde moet jy nog aan werk/in groei?
- 4) DEEL MET MEKAAR: Wat in hierdie 1 Kor 13 staan vir jou uit?
- 5) Aan die hand van Sondag se preek hieroor, PRAAT SAAM oor elkeen van die 5 hoofindelings wat in die preek gebruik is (en wat Tom Holladay in sy boek "Jesus-beginsels vir doelgerigte liefde" gebruik), EN HELP MEKAAR met voorstelle oor hoe mens daaraan kan werk/daarin kan groei:
 - a. Wees geduldig
 - b. Wees vriendelik
 - c. Moenie verwaand wees nie (nie afgunstig, nie grootpraterig, nie verwaand – vers 4)
 - d. Nie selfsugtig nie (vers 5: handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie, verbyl hom nie oor onreg nie)
 - e. Moenie ingee nie (vers 7: die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles)
- 6) Dis belangrik dat ons besef: dit wat hier in 1 Kor 13 onder liefde genoem word, is nie gawes nie.

Gawes is iets waarvan ons as God se kinders verskillendes het (elkeen het ten minste 1), en wat maak dat ek kan sê "ek het nie daardie spesifieke gawe vanaf die Heilige Gees ontvang nie". Maar al die kenmerke van die liefde waarvan 1 Kor 13 praat, is deel van die vrug van die Gees (lees Gal 5:22), wat aan elke kind van God uitgedeel word! As jy dink jy het dit nie, is dit omdat jy dit nog nie gebruik en geoefen het nie!!

PRAAT SAAM: hoe kan ons die vrug van die Gees meer in ons lewens na vore bring en oefen dat dit meer word?

- 7) BID SAAM en vra die Here om ons (as individue, as gesinne, as omgeegroepe, as gemeente) te help om te groei in ons liefde in die verhoudings waarin ons staan, naamlik "Jesus, ek en ander", soos ons huidige preekreeks se naam aandui.